# HOOFSTUK. 14.

## NA MAGERSFONTEIN.

Na die slag van Magersfontein het generaal Cronje 'n negatiewe taktiek gevolg. Hy het die Engelse mag toegelaat om na die Modderrivier terug te trek sonder om hulle van agter aan te val en verder te verslaan. Methuen se opmars na Kimberley was gestuit en daarmee was Cronje voorlopig tevrede. Sy stellings wou hy nie prys gee voordat Methuen heeltemal van sy plan om Kimberley te ontset, afgesien het nie.[1)]

Die regering het ook nie ferm teen die vyand opgetree nie. Na die oorwinnings van Magersfontein, Colenso en Stormberg het president Kruger die 17de Desember as 'n algemene dankdag verklaar. 'n Soort wapenstilstand het tot stand gekom. Van hierdie geleentheid het die Engelse gebruik gemaak om hulle geledere weer in orde te kry, versterkings en proviand aan te voer en hulle vir die volgende slag voor te berei.[2)]

Dit het voorgekom asof die Britse troepe nie weer sou probeer om na Kimberley deur te breek nie omdat hulle te veel verliese gely het. Cronje word nietemin gewaarsku om op sy hoede te wees, want dit kon ook wees dat die Engelse hom gerus wou maak om met nuwe versterkings van agteraf 'n hernude poging te maak. Om Methuen se voorwaartse beweging te belet, moes Cronje 'n flukse kommandant met 1,500 man agter om sy hooflaer stuur om spoorlyne op te breek/........

---

1). Dr.C.J.Scheepers Strydom: Kaapland en die Tweede Vryheidsoorlog, blse. 88 en 89.
2). K.G.337(2). 15/12/99. (Telegram van Staatsekretaris aan alle Landdroste en Magasy meesters.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

te breek en treine stukkend te skiet.[3]

Cronje het nie dadelik aan hierdie opdrag gehoor gegee nie, maar minder belangrike skermutselings met die vyand onderhou.[4] Methuen het gedurende die geveg te Magersfontein baie van die Rooikruis misbruik gemaak. Cronje het hom per brief laat verstaan dat as dit weer sou gebeur die burgers gelas sou word om op sy ambulanswaens te skiet.[5]

Die regering was egter begerig om te hoor wat van Cronje se plan geword het om die vyand van agter om te trek, hulle vervoer deur die opbreek van spoorlyne te ontwrig en om hulle op die manier tot 'n frontaanval uit te lok.[6] Maar hy het weer 'n verskoning vir sy versuim gevind. As hy die burgers uit hulle posisies neem, sou hy sy stellings daardeur verswak en kon die vyand miskien deurbreek. Met die opbreek van die spoorlyn sou hy wag totdat die vyand verslaan is of totdat hulp vanuit die Vrystaat opgedaag het.[7]

Omdat sy grofgeskut baie swak was, het Cronje die regering/.....

---

3). Leyds-Archief:713: 18/12/99. (Telegram van die regering aan genl. Cronje, Hooflaer, Modderrivier).
4). K.G.337(3): 16/12/99. (Telegram van genl. Cronje aan Staatspres. Bloemfontein.): Hy telegrafeer dat die vyand die môre uitgetrek het en vir 1½ uur lank hulle laer met grofgeskut beskiet het. Toe hy 'n kruppkanon op hulle rig, het hulle gou geretireer.
5). K.G.337(5): 21/12/99. (Telegram van genl. Cronje aan Staatspres. O.V.S. hergetelegrafeer aan Staatspres. Pretoria.)
6). K.G.337(8): 28/12/99. (Telegram van Staatspres. Pretoria aan genl. Cronje.).
7). K.G.337(8): 29/12/99. (Telegram van genl. Cronje aan Staatspres. Pretoria).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

regering versoek om vir hom die groot Franse kanon uit Natal aan te stuur.[8)]

Cronje met sy hele mag het stilgesit en vir die Engelse gewag om hulle aan te val. Generaals De la Rey en De Wet[9)] was teen hierdie stilsit-en niksdoen-taktiek van Cronje gekant. Hulle het hom versoek om hulle met 'n aantal manskappe uit te stuur om die spoorlyne agter die Engelse se hoofkwartiere op te breek. Op 3 Januarie het Cronje hulle met 300 manskappe vir die doel afgesonder. Hulle het hulle aanval op die gedeelte van die spoorlyn tussen Heuningneskloof en Modderrivierstasie toegespits. Omdat hulle opdrag gehad het om die werk in een nag te voltooi, kon hulle nie veel skade aanrig nie.[10)]

Intussen het generaal French met 'n groot troepemag te Colesberg aangekom. Die regering het dit wenslik geag om De la Rey met duisend man daarheen te stuur om die Boeremagte te versterk. Hierteen het Cronje hom verset want hy was van opinie dat die manskappe te laat daar sou aankom. Sy mag te Magersfontein sou ook verswak word.[11)]

Cronje was nietemin verplig om die bevele uit te voer. Dit was ook noodsaaklik om hom daarop te wys dat dit onwenslik/......

---

8). K.G.337(8): 31/12/99. (Telegram van genl. Cronje aan Staatsekretaris, Pretoria).
9). Hy het genl. Prinsloo wat weens sy swak optrede afgedank is, vervang as opperbevelhebber oor die Vrystaters onder Cronje.
10). Herinneringsaantekeninge van genl. De la Rey, bls 21.
11). K.G.338(3): 6/1/1900. (Telegram van genl. Cronje aan Staatspres. Pretoria); Herinneringsaantekeninge van Genl. De la Rey, bls. 21.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

onwenslik was dat die groot kanon na hom gestuur sou word. Omdat dit so moeilik verskuifbaar was, kon dit nie maklik in 'n oop geveg gebruik word nie. Die kanon was vir beleëringsdoeleindes geskik en moes na Kimberley geneem word. Daar kon dit effektief gebruik word en die Engelse miskien verplig om oor te gee.[12] Cronje moes teen sy sin vir generaal De la Rey met 1,500 man na Colesberg stuur. Op 6 Januarie het hy en sy manskappe vertrek.[13]

En generaal Cronje? Sy Magersfonteinstellings het hy nog beset. Daar het hy steeds gewag. Sy hooflaer was skaars 300 tree van die rivier geleë. Dit was 'n reusagtige kamp, die grootste wat gedurende die oorlog by enige gevegslinie aan Boerekant gebruik is. Die waens was in die vorm van 'n driehoek getrek met openinge of poorte by elke hoek waar die burgers in en uit kon gaan. Binne in die laer was drie veldsmederye daagliks druk besig om perde te beslaan. Twee groot bakoonde is in die rivierwal gemaak waarin die brood elke dag vir die burgers gebak is. In die middel van die laer het Cronje en sy eggenote in 'n groot ronde tent gewoon.[14]

By die tyd was daar ook 'n aansienlike aantal vrouens en kinders in die laer. Sommige van hulle was vlugtelinge uit Grikwaland-wes, maar die moeste was vrouens wat hulle/........

---

12). K.G.338(3): 6/1/1900. (Telegram van genl. Cronje aan Staatspres. Pretoria).
13). Herinneringsaantekeninge van Genl. De la Rey, bls. 22.
14). Nico Hofmeyr: Zes Maanden bij de Commando's, bls. 246; D.V.S., 7 Febr. 1911; Herinneringen, 1 November 1913. Genl. Cronje se eggenote was vanaf die uitbreek van die oorlog altyd by hom in die laer, want die dag toe hy na die wesfront vertrek het, het hy haar gevra of sy in hulle huis te Pretoria wou agterbly of op die plaas. Daarvoor was sy egter nie bereid nie. Met oortuiging het sy geantwoord: "Ik wil op g'n een van die twee plekke blij nie. Uw volk is mijn volk, Uw zaak is mijn zaak, en Uw God is mijn God, en waarheen jij ook gaat om [illegible] le te verdedig, daarheen gaat ik ook."
O.T.de Villiers: Met De Wet en Steyn in het veld, [illegible] 1.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

hulle mans en bloedverwante kom besoek het en toe sommer in die laer gebly het.[15)]

Cronje kon op hierdie stadium die gevolge van sy negatiewe houding en die periode van verslapping en disorganisering wat daar onder sy geledere deur hierdie rustige laerlewe ingesluip het, nie raaksien nie. In hierdie dae was hy die grootste figuur op die oewers van die Modderrivier. Sy reputasie het 'n hoogtepunt bereik. Magersfontein het die kroon op sy roem geplaas. Tot sover was daar niemand anders wat met hom vergelyk kon word nie. De Wet, wat eers na die slag van Magersfontein gestuur is om die bevel oor die Vrystaters onder Cronje oor te neem, het nog nie 'n kans gehad om sy buitengewone krygstaktiek voor die dag te bring nie. Genl. De la Rey het hom reeds laat ken as 'n aanvoerder wat die naam werd is, maar ook hy kon op die tydstip nie met Cronje vergelyk word nie. Generaal Louis Botha het na die slag van Colenso begin uitblink, maar die burgers aan die wesfront het hom nie geken nie. Vir hulle was Cronje die beste generaal en die held by uitnemendheid. Wat president Kruger vir hulle op politieke gebied was, dit was Cronje vir die burgers in die algemeen op krygskundige terrein. Sy geloof, selfvertroue en persoonlike dapperheid het die bangste onder sy burgers met moed besiel.[16)]

In die alledaagse lewe was sy geaardheid sag en vriendelik/......

---

15). Nico Hofmeyr: Zes Maanden bij de Commando's, bls. 245. Mnr. Hofmeyr is by die uitbreek van die oorlog deur die Uitvoerende Raad as offisiële geskiedskrywer van die oorlog aangestel. Hy het die verskillende gevegsfronte persoonlik besoek en sy ervarings neergeskryf. O.T. de Villiers: Met de Wet en Steyn in het Veld, bls. ...

16). D.V.S., 7 Februarie 1911; Nico Hofmeyr, bls. 246.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vriendelik, maar gedurende die oorlog was hy streng. Hy het geen ongehoorsaamheid geduld nie. Alles moes na sy sin geskied. Teenstand en kritiek het hy nie verduur nie.[17] Geen Boeregeneraal was so gevrees soos hy nie. Hy het sonder vrees of guns geheers, geen mens het hy ontsien nie. Hy alleen was baas.[18]

Baie van sy invloed en mag moet aan sy innige godsdienstigheid en sy kinderlike vroomheid toegeskryf word. Saans, as die skemerte oor die laer toesak, het die burgers gewoonlik voor sy tent vir die aandgodsdiens versamel. As daar by die geleentheid 'n leraar teenwoordig was, het hy die godsdiensoefening waargeneem. Hierna het die generaal self sy kragtige, helder en deurdringende stem in die gebed verhef. By afwesigheid van 'n predikant het hy self die aandgodsdiens gelei en kon 'n mens verweg die stemme hoor as hulle een van die mooi psalms of gesange sing.[19]

Maar hierdie eentonige lewe in die laer het vir baie burgers ondraaglik geword. Die leeglê en niksdoen het hulle verveel, sodat baie van hulle gedurende hierdie tyd die laer verlaat het. So is die getalsterkte daagliks verswak. Die nuwe Engelse Opperbevelhebber, Lord Roberts het/........

---

17). Nico Hofmeyr: Zes Maanden bij de Commando's, bls. 247. Genl. Cronje het eendag met een van sy burgers geargumenteer en kort-kort het die persoon die woord "maar" gebruik. Cronje het vererg geantwoord: "Ik hou niet van het woord "maar". Ik wil geen "maar" hebben". Jij moet tegen mij niet "maar zeggen".
18). D.V.S., 7 Febr. 1911; Nico Hofmeyr, bls. 248; O.T. de Villiers, bls. 14.
19). Hofmeyr, Nico, blse. 248 en 249.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

het by sy aankoms in Suid-Afrika in Januarie 1900 aan sy generaals opdrag gegee om die Boere slegs besig te hou sodat hy tyd kon wen om 'n beslissende slag te slaan.[20] Om die rede het Methuen nie 'n georganiseerde slag teen Cronje probeer nie en tydelik van sy plan om deur te breek en Kimberley te ontset, afgesien. Hy het Cronje met 'n reeks minder belangrike geveggies besig gehou.[21] Dat Methuen besig was om tyd te wen en om sy mag te herorganiseer, kon Cronje nie insien nie. Hy het gedink dat sy stellings oninneembaar is en dat Methuen dit nie sou waag om 'n frontaanval te maak nie. 'n Flankaanval was ook buite die kwessie, want die Britse troepe sou dit nie waag om ver van die spoorweg op te trek nie. Die enigste plek waar hulle moontlik kon deurbreek, was by Koedoesberg; daarom het Cronje kommandant Visser van Kimberley beveel om met 200 man daarheen te gaan om die plek te beset.[22]

Teen die end van Januarie het Cronje nog steeds gewag. Omdat Methuen nog ook 'n afwagtende houding ingeneem het, het Cronje gedink dat die tyd nou aangebreek het om die Boere in die noordelike Kaapkolonie tot opstand aan te hits.[23] Op 26 Januarie het hy die heer Steenkamp, 'n Kaapse rebel, en kommandant Liebenberg, 'n Kenhardt-rebel, met 200 burgers en twee kanonne gestuur om 'n inval in die Kaapkolonie/.....

20). L.S.Amery, Vol.III, bls. 344.
21). K.G.339. 16/1/1900. (Telegram van genl. Cronje, Scholtznek aan die regering, Pretoria). Hy rapporteer dat die Engelse verskillende klein geveggies teen hom onderhou het.
22). K.G.338(6): 12/1/1900. (Telegram van genl. Cronje, Modderrivier aan Komdt. Visser, De la Reyslager, Waterwerken).
23). SS.Afd. Kabinet. 65/1900. 16 Jan. 1900. (Brief van Staatsekretaris F.W.Reitz aan genl. Cronje.) Die heer Steenkamp het onderneem om met 'n kommando langs die Oranjerivier na Upington te gaan met die doel om die Kaapkolonie in te val. Hy hoop om van ses na tienduisend man bymekaar te kry en dan die Engelse suid van De Aar aan te val.
Leyds-Archief:713, 16 Jan. 1900. (Ibid.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Kaapkolonie te maak. Hierdie kommando het tot by Vetberg, 20 myl van Belmont, gevorder maar kon Prieska nie bereik nie omdat die dorp op 27 Januarie deur die Engelse ingeneem is.24)

Lord Roberts was intussen met sy stafhoof Lord Kitchener van Kaapstad na Modderrivier met 'n tweërlei doel op weg: Om Kimberley te ontset en om Cronje met sy hele mag te omsingel en gevange te neem. Toe hy van die voorgenome inval in die Kolonie gehoor het, het hy dadelik 'n plan uitgedink om Cronje te mislei. Hy het 'n aanval op die Boere se regterflank gemik sodat dit gelyk het asof hy met sy hoofmag links van Magersfontein wou verbytrek. Om hierdie doel te bereik en om die inval in die Kolonie te belet, het hy Methuen getelegrafeer om generaal MacDonald langs die Rietrivier op na Koedoesbergdrif, omtrent 20 myl wes van Modderrivier, te stuur om die Boere daarheen te lok. Met die Highland Brigade, twee afdelings van die 9de Lancers, die 62ste veldbattery en sewe kompanies Royal Engineers het hy vertrek en op 4 Februarie om tweeuur die middag daar aangekom.25) Eers laat die middag, nadat MacDonald reeds vertrek het, het Cronje die berig ontvang. Generaal De Wet is gestuur om die Britse troepe te keer. MacDonald het by sy aankoms met 'n aantal Boere, wat vroeër die posisies beset het, slaags geraak. Die Boere het daarin geslaag om hom die rand in te dryf en van die water af

weg/............

---

24). L.S.Amery, Vol.111, bls. 360. Dit was die tweede keer dat die dorp deur die Engelse ingeneem is.

25). K.G.340: 6/2/1900. (Telegram van Komdt. P.Fourie aan Staatspresident, Bloemfontein); L.S.Amery, Vol.111, blse. 360 en 361.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

weg te hou.[26]

Die volgende dag is die geveg hervat. Die burgers het 'n hele end voorwaarts gevorder.[27] De Wet se manskappe het tot digby die Engelse skanse gekom. Die Engelse het ses kanonne teenoor een kruppkanon van Majoor Albrecht in die geveg gebruik. Alhoewel die geveg hewig was, het daar slegs drie Boere gesneuwel en is drie gewond.[28] MacDonald het na Methuen om versterking gestuur. Babington het met 'n berede mag hom te hulp gekom.[29] Cronje het die president getelegrafeer dat die Boere hulle posisies behou alhoewel die Engelse gedurig versterking toegestuur word. Omdat sy hoofmag so naby die Engelse was, was dit vir hom onmoontlik om versterking na De Wet te stuur.[30]

Hierdie berig het die regering ontstel. Cronje moes nie wag totdat dit te laat is nie. Hy moes dadelik versterking stuur, want sy stellings te Magersfontein was sterk. Die vyand moes belet word om na Kimberley deur te gaan.[31] Aan hierdie opdrag is uitvoering gegee en De Wet het daarin geslaag om die Engelse terug te slaan.[32] Hy kon hulle egter/......

---

26). K.G.340: 6/2/1900. (Telegram van Komdt. Fourie aan die Staatspres. Bloemfontein).
27). K.G.340: 7/2/1900. (Telegram van genl. De Wet aan die Regering).
28). K.G.340: 7/2/1900. (Telegram van Genl. De Wet aan Staatspres. Bloemfontein).
29). K.G.340: 7/2/1900. (Telegram van telegrafis, Modderrivier, aan Staatspres. Pretoria); K.G.340: 7/2/1900. (Telegram van genl. Cronje, Modderrivier aan Staatspres. Pretoria); L.S.Amery, Vol.111, bls. 363.
30). Ibid.
31). T.B.446/1900 is SS. 2411: 8/2/1900. (Telegram van Staatspres. Pretoria aan genl.Cronje Modderrivier); Leyds-Archief: 717: 8/2/1900 (Ibid.)
32). K.G.340: 9/2/1900. (Telegram van genl. Cronje aan Staatspres. Pretoria.); Leyds-Archief: 717: 9/2/1900. (Ibid.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

egter nie oor die rivier dryf nie.[33] Dieselfde dag het Lord Roberts by Modderrivierkamp aangekom en dadelik vir MacDonald terug beveel. Die bevel is onmiddellik uitgevoer.[34]

Generaal Cronje se hoofmag was nog al die tyd in die Magersfonteinstellings, minder as ag myl van Jacobsdal, om 'n frontaanval van die Engelse af te wag. Weerskante van die spoorweg het hy ook nog oor 'n 20 myl breë front 'n paar swak kommando's versprei gehad, sodat sy mag op tussen ag-en tienduisend te staan gekom het.[35] Ongelukkig was sy berede mag baie ondoeltreffend weens die swakheid van die perde, want om Magersfontein was die veld uitgetrap.[36]

Roberts wou eers met Cronje afreken voordat hy na Kimberley deurtrek. Hy wou Magersfontein vermy, 'n ombeweging ooswaarts na Rondavelsdrif, ongeveer ag myl van Modderrivierstasie, uitvoer, die Boere se flanke en agterhoede bedreig om hulle so uit hulle loopgrawe te dryf en dan na Kimberley deurtrek.[37] Hy het sy mag dadelik opgestel om sy mars te begin. Drie kavaleriedivisies is onder kolonels Porter, Broadwood en Gordon gevorm. Die 7de perdeartilleriebattery is ook onder hulle verdeel. Die berede mag, in twee brigades elk van vier battaljons opgedeel en onder bevel van kolonels Hannay en Ridley, is ook by hierdie divisie gevoeg. Die/......

33). K.G.340: 9/2/1900. (Telegram van genl. De Wet, Magersfontein, aan Staatspres. Bloemfontein).
34). Leyds-Archief:716: 9/2/1900. (Telegram van genl. Cronje, Modderrivier aan Staatspres. Pret.): L.S.Amery, Vol.111, blse. 367 en 371.
35). Kol. W.H.H.Waters, bls. 137.
36). K.G.340:12/2/1900. (Telegram van genl. Cronje, Modderrivier aan Staatspres. Pret.) Cronje kla oor die maer- en swakheid van die perde. As gevolg hiervan kon hy nie versterking stuur nie.
37). L.S.Amery, Vol.111, blse. 360 en 361.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Die hele berede mag is onder bevel van generaal French geplaas.[38]

Roberts het vier infanterie- divisies tot sy beskikking gehad. Die 1ste Divisie onder Lord Methuen met 'n paar skeepskanonne moes voorlopig by die Modderrivier bly om Cronje te beheer, daarna Kimberley okkupeer en die westelike spoorlyn beset. Twee ander divisies is deur generaal Kelly-Kenny en Tucker respektiewelik aangevoer.[39)]

Op Vrydag, die 10de Februarie, is die 9de Divisie uit die 19de Divisie onder kolonel Smith-Dorrien en die Highland Brigade onder generaal MacDonald saamgestel. Generaal Colville het die opperbevel oor hulle gevoer. Hulle het die 82ste battery, 65ste howitzerbattery en twee 4.7 skeepskanonne tot hulle beskikking gehad. Vir die opmars het hy 21 muilwaens, 600 ossewaens, 14,000 perde, 12,000 muile, 10,000 osse en 37,000 manskappe gereed gehad.[40)]

Die mars moes die namiddag van 10 Februarie met konsentrasie van die kavalerie-afdeling, berede mag en die/.......

38). L.S.Amery, Vol.111, bls. 369.

39). Ibid. bls. 370.

40). Ibid. blse. 370 en 371.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA



die 7de Divisie by Ramdam, 12 myl oos van Graspan, begin word. Op die aand van 10 Februarie het Lord Roberts en Kitchener die kamp besoek en die troepe toegespreek. Die sukses van die plan het van French en sy berede mag afgehang.[41)] Hy het die volgende more met 8,000 berede troepe en sewe batterye kanonne na Ramdam vertrek en om tienuur daar aangekom. Roberts se mag het ook voorwaarts beweeg en die volgende more het sommige van hulle by French aangesluit. Hiervandaan het French oor Dekielsdrif in die rigting van Klip- en Drieputdrif aangeruk.[42)]

In die namiddag van dieselfde dag het generaal Cronje berig ontvang dat daar 'n groot Engelse mag by Ramdam was. Hy het dit as 'n set van Roberts beskou om hom te mislei, omdat hy oortuig was dat hulle dit nie so ver van die spoorweg sou waag nie. Nietemin is De Wet met 450 burgers gestuur om die Engelse te keer as hulle op Koffiefontein sou afstuur. Kommandant Lubbe met 400 man het hom vergesel.[43)]

De Wet moes ooswaarts opruk sodat hy die Engelse kon belet om oor die Rietrivier te gaan. Met sy kommando en twee kanonne het hy Blouwbank bereik, waar hy stellings ingeneem het wat beide driwwe te Waterval en Dekiel beheers het. Die Engelse het hom opgemerk en sy posisies met kanonvuur bestook. Cronje het hom versterking gestuur maar hy het sy klein mag verdeel en 'n gedeelte ooswaarts verplaas.[44)]

Dit was/......

41). L.S.Amery, Vol111, bls. 371 en 372.
42). Ibid. bls 379; J.C.G.Kemp: Vir Vryheid en Reg, bls 309.
43). Ibid. bls.382; J.C.G.Kemp: Vir Vryheid en Reg, bls 309.
44). K.G.340: 13/2/1900. (Telegram van Staatspres. Bloemfontein aan Staatspres. Pta.) Die president wou weet hoekom De Wet sy manskappe verdeel het en nie die Engelse gekeer het nie. Vgl. ook: L.S.Amery, Vol.111, bls 386: Hy het Lubbe met 250 man gestuur om die kavallerie te keer. Die res van die manskappe het hy na Koffiefontein geneem en vir twee dae passief gebly. "That Cronje was deprived during these critical days of the most effective part of his forces was entirely due to De Wet's lack of nerve and failure to grasp the strategical position", Herinneringe, 15 Oktober. 1913.

Dit was 'n verkeerde stap. Instede dat hy sy verkenners uitgestuur het om die bewegings van die Engelse dop te hou, het hy self met sy kommando uitgegaan. Die gevolg hiervan was dat French met geweld 'n weg deur die Rietrivier by Watervalsdrif geslaan het en snel na Rondavelsdrif aan die Modderrivier opgetrek het.[45)]

Op 13 Februarie het Cronje uitgevind dat French se perdekommando's besig is om sy flank om te trek en dreig dat hy om die Modderrivier by Klipdrif deur te gaan. Hy probeer nie self om French te keer nie, maar besluit om sy Magersfonteinstellings nog te hou sodat hy Methuen kon belet om langs die spoorweg na Kimberley te gaan. Hy stuur generaal Froneman met 800 man om French te stuit. Froneman het die ruitery aangeval, maar toe hy uitvind dat French vir hom te sterk is het hy 'n verdedigende houding ingeneem en goeie stellings agter die koppies gesoek.[46)]

Dat French Modderrivier bereik het, was vir Cronje 'n verrassing, maar die gevaar van sy posisie kon hy nie insien nie. Teen hierdie tyd was sy mag gevaarlik versprei. 'n Paar honderd manskappe was op weg om 'n inval in die Kaapkolonie te maak, sy beste berede mag was by De Wet, 800 man was by Klipdrif sodat hy ongeveer 5,000 burgers in sy hooflaer gehad het. Hy was nie bereid om die stellings wat so deeglik versterk en so lank beset is, prys te gee nie. Dit het president Kruger onrustig gemaak. Omdat die Engelse/........

---

45). K.G.340: 13/2/1900. (Telegram van Staatspres. Bloemfontein aan Staatspres. Pretoria).
Hy het verneem dat die Engelse by Rietrivier deur is en wou weet of De Wet hulle nie kon keer nie.
Vgl. verder: Herinneringen, 15 Oktober 1913.

46). Leyds-Archief: 14/2/1900. (Telegram van genl. Cronje Staatspres. Pretoria); K.G.340 14/2/1900. (Ibid.); L.S.Amery, Vol.111, bls 390.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Engelse mag met 'n omweg na Kimberley gegaan en sodoende Magersfontein waar Cronje met sy grootste mag gelê het, vermy het, moes hy onmiddellik die nodige versterking stuur om die optog af te sny. Dit sou hom niks baat om met 'n sterk mag stil te lê terwyl die Engelse die Oranje-Vrystaat sou inval of Kimberley ontset nie. Die versterking wat hy tot dusver gestuur het, was heeltemal onvoldoende.[47] Hy moes meer manskappe vir hierdie doel gebruik, want daagliks het daar talle van Kimberley by hom aangesluit.[48]

Op 15 Februarie het Cronje berig ontvang dat French met versnelde mars oor die Modderrivier getrek en daarin geslaag het om die Boerekommando's uit mekaar te jaag.[49] Gelukkig het hy nie besef dat hy agterom Cronje se laer was nie en het toe maar na Kimberley deurgery.[50]

Intussen het Roberts met sy hoofmag op Jacobsdal afgestuur. Afdelings Boere het hom in sy opmars probeer stuit. Na 'n harde geveg het hulle daarin geslaag om hom terug te hou.[51] De Wet het sy agterhoede aangeval en verslaan/.........

---

47). K.G.340: 14/2/1900. (Telegram van Staatspres. aan genl. du Toit, Waterwerken, De la Reyslager bevattende telegram aan genl. Cronje.)
48). K.G.340: 14/2/1900. (Genl. du Toit aan Staatspres. Pretoria.)
49). K.G.341: 15/2/1900. (Telegram van telegrafis Modderrivier aan Staatspres. Pretoria).
50). K.G.341. 15/2/1900. (Telegram van genl. du Toit aan Staatspres. Pretoria).
51). K.G.341. 15/2/1900. (Telegram van telegrafis Modderrivier aan Staatspres. Pretoria).

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

slaan. Generaal du Toit moes sorg dat Kimberley deeglik beleër word en hy moes op sy hoede wees en die ontset-troepe voorkeer.[52)]

Maar dieselfde dag het die Engelse vanuit Kimberley ook 'n uitval gemaak en toe die burgers verneem dat French deurgebreek het en na Kimberley in aantog was, het hulle die beleg opgegee. Die aand het French die dorp binnegery en die ontset was 'n voldonge feit.[53)]

Cronje se posisie het by die dag hagliker geword. Hy het hom en sy hoofmag tussen twee afdelings[54)] van Roberts bevind. 'n Krygsraadsvergadering is gehou en daar is besluit om terug te trek oor die marsroete van die Engelse troepe om tussen Roberts en Bloemfontein te kom, want hy het gehoop om daar met die kommando's wat die beleg van Kimberley opgegee het, te verenig. As De Wet dan ook by hulle kon aansluit, sou hulle in staat wees om Bloemfontein te verdedig. Hy het opdrag gegee om vir die terugtog gereed te maak.[55)]

In alle haas is die waens gelaai. Dit was 'n ontsettende oomblik. 'n Gevoel van angs het die meeste mans oorval. Die gevaar om gevange geneem te word, was des te groter weens die aanwesigheid van die vrouens en kinders in die laer.[56)] Die magte rondom Kimberley is van die besluit in kennis gestel. Generaal du Toit met sy Transvalers moes/..........

---

52). K.G.341: 15/2/1900. (Telegram van Staatspres. Bloemfontein aan genl. du Toit).
53). K.G.341: 15/2/1900. (Telegram van genl. du Toit aan Staatspres. Pretoria); Kol. W.H.H.Waters, bls. 159; J.C.G.Kemp, bls 310.
54). Een afdeling onder Methuen wat by Modderrivier gebly het en die mag wat op Jacobsdal gekonsentreer het.
55). Herinneringen, 15 Oktober 1913.
56). Dr. Van Everdingen, bls. 260. Hy gee die getalle as ongeveer 100.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

moet na Veertienstrome terugval terwyl Ferreira in 'n oostelike rigting hoër stroomop by hom moes aansluit.[57]

Die terugtog sou eers die volgende dag begin word. Gedurende hierdie dag het De Wet nie by Cronje aangesluit nie. Hy het 'n Britse konvooi oormeester en die hele dag gebruik om die buitgemaakte waens en osse na Koffiefontein te vervoer. Die meeste burgers het hier agtergebly terwyl hy 250 van sy manskappe na Winterhoek gestuur het.[58]

Teen 8 uur die aand, 16 Februarie, het Cronje besluit om nie langer op die kommando's wat van die weste in aantog is, te wag nie. Hy het instruksies agtergelaat dat hulle hom onmiddellik moes volg en het bevel gegee om ooswaarts te trek.[59] In die donker aand het hy, met sy swak berede mag vooraan, gevolg deur swaarbelaaide waens, met baie mans, vrouens en kinders te voet agteraan, sy wanhopige vlug vir die Engelse oorweldigende magte begin. Dit was 'n aangrypende toneel.[60]

Van al die vee wat oop was, het Cronje die een met die minste hoop op sukses gekies. Met 'n konvooi van oor die 400 swaarbelaaide waens, een derde van sy manskappe te voet, die meeste burgers met swak perde voorsien en die hinderris van vrouens en kinders, het hy probeer om die Britse/.......

---

57). K.G.341: 16/2/1900. (Telegram van genl. Cronje aan genl. du Toit).

58). Leyds-Archief:717: 17/2/1900. (Telegram van Staatspres. Bloemfontein bevattende telegram van genl. De Wet [illegible] van Pramberg ontvang is): K.G.341: 17/2/1900. (Ibid.); [illegible]erin[illegible]en, 15 Oktober 1913. Hy het [illegible]0 waens, met lewensmiddele belaai en 2,800 osse buitgemaak.

59). Preller-Versameling. Bundel 23. (Die Slag van Paardeberg deur P.J. Naude); Herinneringen, 15 Oktober 1913.

60). K.G.341. 17/2/1900. (Telegram van telegrafis Modderrivier aan Staatspres. Pret.); K.G.341 17/2/1900. (Telegram van Hoofkomdt. Ferreira, Olifantsfontein, aan Staatspres. Bloemf.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Britse front by Klipdrif verby te trek. Dit het hom nie 'n vinnige voorsprong gegee nie en dit het hom ook boonop van sy kommando's te Kimberley afgesny. Hy het sy rigting swak gekies. As hy na Kimberley teruggetrek het, sou dit hom geleentheid gegee het om sy agterhoede teen die Engelse in gevegte te werp. As hy dan naby Kimberley by die ander Boeremagte aangesluit het, kon hy 'n aanval teen French maak en sy pad skoongehou het. Maar sulke strategiese oorwegings kon hy nie deurgrond nie. Selfs nou was Roberts se plan vir hom nog nie duidelik nie. Hy kon daarin niks meer as 'n opmars na Kimberley sien nie. Sy rigting het hy instinkmatig en nie oordeelkundig gekies nie. Hierdie roete sou hom vir die onmiddellike buite gevaar stel want die Engelse magte by Modderrivier, Jacobsdal en Klipdrif sou hom eers later agtervolg.[61)]

Vroeg die volgende more, net toe dit begin lig word, het die Engelse Cronje se trek gewaar en het hulle hom by Klipdrif aangeval.[62)] Hy het daarin geslaag om die aanval af te slaan en 'n sterk afdeling agtergelaat om sy aftog te dek.[63)] Hy was genoodsaak om digby die Modderrivier te trek, want hy moes water hê vir al die mense en diere wat hy by hom gehad het.[64)]

Die hele dag deur is die Engelse teruggeskiet terwyl die waens stadig aangerol het. By Klipkraaldrif aan die Modderrivier is laer getrek om te rus. Cronje het sy vyand gemineg en op sy tyd teruggeval sonder die minste

vrees/.........

---

61). L.S.Amery, Vol.111, bls 404; Herinneringen, 15 Okt. 1913.
62). Ibid. Majoor Albrecht met 1 bommeksim is saam met 'n agterhoede agtergelaat om die vyand terug te hou.
63). L.S.Amery, Vol.111, bls. 403. Ibid.
64). Ibid.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vrees dat hy in hulle hande kon val.[65] Jammer dat hy nie meer beangs was nie en dat hy vir geen twyfel vatbaar was nie. Hierdie nag kon hy nog maklik sonder sy waens deur die rivier gekom het. Die nag het die Engelse ruitery onder French op instruksie van Roberts van Kimberley agterom hom gery, die rivier deurgegaan en langs die suidelike oewers na Klipkraaldrif gery.. Die voetvolk het van Jacobsdal[66] en Rondavelsdrif genader, maar sou eers die volgende dag die driwwe wes van Koedoesdrif beset. Daar was dus genoeg tyd vir Cronje om met al sy manskappe te ontsnap. Maar Cronje wou nie vlug nie, maar alles red. Sy eer was op die spel. Sy laer wou hy nie vir sy leër opoffer nie. Roberts het anders oor die saak gedink. Hy het 'n groot konvooi by Blauwbanksdrif in die slag gelaat om seker te maak dat hy Cronje sou vang.[67] En nog sou hy sy sin nie gekry het as Cronje nie die oormoedige, hardkoppige man was wat sy vyand gering geskat het en toornig geword het op sy burgers as hulle van gevaar gepraat het nie.[68]

Saterdagmore vroeg het hy sy laer vir die laaste keer versit. Met die grootste gedeelte van sy waens het hy na Koedoesdrif getrek. Om 10-uur het hy by Paardeberg[69] /aangekom/......

---

65). Nico Hofmeyr, bls 327. "De leeuw draait zicht van tijd tot tijd om, als de jachthonden hem tenakomen - en dan vliegen zij jankend en hinkend terug, na een korte kennismaking met zijne voortanden."


66). L.S.Amery, Vol.111, bls. 408. Die Britse hoofkwartiere is intussen na Jacobsdal verplaas.

67). L.S.Amery, Vol.111, bls. 401. De Wet het 180 waens bemagtig.

68). O.T. de Villiers, bls. 14 en Nico Hofmeyr, bls. 328 en 329.

69). K.G.341: 22/2/1900, (Telegram van Staatspres. Bloemfontein aan Staatspres. Pretoria). Hy deel mee dat Cronje se posisie net bokant Paardeberg langs die rivier is.)

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA




UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

aangekom en was volgens gewoonte net besig om die waens in 'n kring te trek toe die Engelse bomme onverwags in die laer begin val het.[70] Dit was French wat reeds posisies aan die oorkant van die rivier ingeneem het, en die optog van Cronje afgesny het. Die onverwagte aanval het paniek veroorsaak. Haastig is die osse uitgespan en vir veiligheid na die rivier gejaag. Die nood was groot. Die laer kon enige oomblik in die hande van die Engelse val. Op die kaal vlakte was die burgers onbeskerm, baie van hulle het daarom agter die walle van die rivier ingevlug. Maar om te vlug en weg te kruip! Dit het nie in Cronje se bloed gesit nie. Hy het hom min aan die Engelse kanonne gesteur. Onbevrees het hy met sy sambok in sy hand heen en weer op sy perd gery en sy burgers moed in te praat en te beweeg om hulle skuilplekke te verlaat. Nadat hy sommige, deur woord en daad nog nie kon beweeg nie, het hy links en regs met sy sambok geslaan totdat elkeen sy plig gedoen het.[71] Die hele dag deur is hard geveg. Teen die aand se kant het die Boere nog hulle posisie behou.[72]

In die nag van Saterdag, 17 Februarie, het 'n paar van Cronje se offisiere voorgestel om hulle goedere, waens, vrouens/........ ..

---

70). Leyds-Archief: 717: 18/2/1900. (Telegram van genl. Cronje, Petrusburg, aan Staatspres.Pta.); K.G.341: 18/2"1900 (Ibid.); Preller-Versameling: Bundel. 18: (Brief van 'n krygsgevangene). Toe die eerste bomme val, het die vrouens en kinders rondgehardloop en geskreeu: "Ach, Heer, waar nu heen? Ach, God, help ons toch". - Preller-Versameling, Bundel 23. (Slag van Paardenberg deur P.J.Naude)

71). O.T. de Villiers, bls. 14.

72). Leyds-Archief: 717: 18/2/1900. (Telegram van genl. Cronje, Petrusburg, aan Staatspres. Pta.) Sien verder die bronne soos in voetnoot 70 hierbo aangegee. is.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

vrouens en kinders in die steek te laat en hulle die volgende more in die hande van die Engelse te laat val. Die mans moes met hulle perde 'n pad deur die vyand slaan en by die ander kommando's buite die geledere van die Engelse aansluit. Hierdie voorstel wou Cronje nie aanvaar nie.[73] Hier het hy die laaste kans om sy leër buite gevaar te bring, laat verbygaan. Hy het dit sy plig beskou om die weerlose vrouens en kinders van sy burgers, ook sy eie eggenote, tot die dood toe te verdedig. Die menslike het in hom die oorhand gekry. Hy het hom by die onmiddellike bepaal en nie aan die toekoms gedink nie. Baie van die waens en osse het aan sy burgers behoort en hulle sou ontevrede gevoel het as hy nie 'n poging aangewend het om hulle privaateiendom te beskerm nie. Die meerderheid van die burgers het nie perde besit nie en sou nie vinnig genoeg kon vorder nie. Die moontlikheid het bestaan dat hulle deur die Engelse gevang sou word.[74] Cronje het 'n verkeerde besluit geneem om al sy mense bymekaar te hou totdat hulp van buite opgedaag het. Sy gebrek aan stategie het hom nie laat besef dat hy, as hy langer sou wag, geen kans sou hê om die Engelse magte te verslaan en by die kommando's van buite af aan te sluit nie. Sy minagting van die vyand, sy oormoedigheid en eiewysheid het sy lot verseël.

Die nag is nie verder getrek nie maar verder deurgebring met die grawe van skanse en die opgooi van verskansings. Die werk is baie bemoeilik omdat daar slegs een dosyn grawe/.......

---

73). Preller-Versameling. Bundel 23. Herinneringen, 15 Okt.,13.
74). K.G.341: 18/2/1900. (Telegram van genl. Cronje, Petrusburg, aan Staatspres. Pretoria).
Cronje het getelegrafeer dat hy tussen 500 en 600 perde gehad het. Hulle was so swak dat hulle slegs vir 'n paar uur per dag gebruik kon word. Meer as 3,000 burgers sou dus te voet moes uitvlug. Cronje het gedink dat dit onmoontlik was. Dit is waar hy 'n fout begaan het. As hulle dieselfde aand begin het, kon hulle almal veilig uitgevlug het.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

grawe en 'n paar pikke beskikbaar was. Sommige burgers het skeep stokke, laaistokke en selfs stukke yster vir hierdie werk gebruik, maar nietemin sulke deeglike verskansings gemaak dat dit later die bewondering van die vyand afgedwing het.[75)]

Kort voor dagbreek op 18 Februarie het die Britse troepe beweeg. Die Mounted Infantry het eerste vertrek. Kort na 3-uur die nag het Roberts vir Hannay ontbied en hom beveel om met sy manskappe na Koedoesdrif te gaan. Twee afdelings van Kitchener se infanterie het op die laer afgeloop sodat die burgers hewig op hulle geskiet het. Kitchener het nie dadelik aangeval nie maar gewag totdat dit dag was. Toe die son opkom, het die laer vlak voor hom gelê.[76)] Cronje was deur 'n reusemag ingesluit. Hy was vasgekeer, maar onverskrokke en dapper soos altyd, het hy die Engelse hardnekkig die hoof gebied. Hier op die walle van die Modderrivier sou hy 'n tiendaagse stryd teen die vyand voer, wat die bewondering van die wêreld gewek het.[77)] Alleen die vreeslike lyding van vrouens en kinders het sy hart deurboor, want hier in die gate, tussen dooies en pesverspreidende lyke het hulle moedig die stryd verdra.[78)]

Die geveg het die môre vroeg begin. Cronje se posisie was treurig, want hy was van alkante ingesluit. Teen 9-uur was die bombardement vreeslik. Die aarde is letterlik omgeploeg. Verskeie waens wat met ammunisie gelaai/......

75). Preller-Versameling: Bundel 18. (Brief van krygsgevangene.)
76). L.S. Amery, Vol. III., bls. 422 en 423.
77). W.T. Stead: The Review of Reviews, bls. 213.
78). Preller-Versameling. Bundel 23. (Slag van Paardenberg); Herinneringen 15 Oktober 1913. Cronje se hierin:- "Allerverschrikkelikst was het my dat onbeschryfelik lijden te aanschouwen, dat zij (vrouens en kinders) zoo geduldig verdroegen en dat mij de verschrikkingen van deze alleronnodigste en onrechtvaardige oorlog diep deed beseffen."

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

gelaai was, is aan dié brand gesiet. Die geveg het die hele dag voortgeduur, maar die Engelse kon nie daarin slaag om die Boere uit hulle posisies te verdryf of om hulle gevange te neem nie. Die Boere-verliese was gering. In hulle verskansings was hulle taamlik veilig en kon hulle die Britse troepe met groot verliese terughou.[77)]

Om/.....

---

77). K.G.341: 18/2/1900. (Telegram van Hooftelegraaf Dept. aan die Komdt.-Genl. Glencoe bevattende telegram van Konsul-genl. Pott, Lorenco Margues oor die geveg by Paardeberg); The Cape Times, 23 Februarie 1900. "The Battle of Paardeberg"; Preller-Versameling. Bundel 23. (Slag van Paardenberg).

Naude beskryf die slag as volg:

"Er werden de aarde omgeploegd, allis dat in de weg stond van een gescheurd, wagens in den kant geschoten tot eindelijk tegen 9 uur kwamen de eerste twee ledite bommen het lager binnen en was het zichtbaar dat het kwaad over ons besloten was, want de aarde beefde onder ons, wegens het barsten van bommen die van buiten op ons geschoten worden, dan was er bijna geen enkel wagen of die was geladen met kasten ammunitie grof en klein alles gaat in vollen vlam, de kasten aan brand, de ammunitie ontplofden, stukken Pot Eyster, Kogels van sckraapsel vloogen ons over het hoofd, dan daarbij het instormen van den Engelschen troepen van buiten de kogels van metford en hand maxum vliegen als bijen over het hoofd, gaat men na de rivier om water te drinken dan is het een gezicht die niemand beshrijven kan, mannen leggen bij hopen in dé sloten doodsbleek geheel bestorven van angst, vraagt men hen wat of zij hier doen of waar hun geweer is, krijgt men geen antwoord, komt men in de rivier dan ziet men daar honderden van dieren beesten, Paarden, Ezels, schapen en bokken dood liggen, door de vreselijke bomme van een gescheurd. Eenige nog levend ligt daar te spartelen anderen weer aan elkander gekoppeld de een doot, de ander nog levend der doden rondslepende uit angst om maar weg te komen, Eenige van onze menschen willen zeggen dat het water in de Rivier rood gekleurd was, doch dat kan ik niet bevestigen, Het kan wezen dat sulks lager af in de Revier het geval was. Doch genoeg hiervan, In kort het was een dag gelijkstaande aan een oordeelsdag, elk heeft het menigmaal reeds gezegd. Engeland zal duur te betalen hebben voor den moord op redeloozen dieren op dien dag gepleegd. En zoo hebben wij dan dien dag als de vreeselijkste van de geheele oorlog moesten doorbrengen".

L.S.Amery, Vol. 111: bls 445. Hy gee die verliese as volg: 20 offisiere en 300 man gedood,
52 offisiere en 890 man gewond.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

Om 4 uur dieselfde middag het generaals De Wet en Philip Botha[78] tussen Paardeberg en Koedoesrand aangekom. Vanaf die more het hulle die bombardement gehoor en teen die middag se kant van die koppies bemerk dat dit Cronje se hooflaer is wat vasgekeer is. Die Engelse mag was tussen hulle en die Boerelaer en die rookwolke het so dig gehang dat hulle geen berig kon deurkry nie.[79]

Vir die Boere buite om die Engelse omsingelingsleer was dit moeilik te verstaan hoekom Cronje nie uitgekom het nie. Kommandant Froneman wat vanaf die 15de Februarie saam met hom ingesluit was, het met 50 man deur die Engelse linies gedring en by De Wet aangesluit. Selfs 'n aantal kaffers het uit die laer ontsnap sonder dat die Engelse op hulle geskiet het. Cronje het te lank gewag. Sy enigste hoop was van buite.[80]

Omdat dit op die 19de Februarie stil was, het De Wet gedink dat dit oop is, tussen hom en Cronje. Dit was vir hom onbegryplik dat Cronje nie toe uitgekom het nie. Maar De Wet en die Boere aan die buitekant was onbekend met die feit dat Cronje op die more van die 19de Februarie, na die slag van Paardeberg die vorige dag, 'n wapenstilstand van 24 uur by die Engelse aanvoerder gevra het om sy gewondes bymekaar te maak en die gesneuweldes te begrawe.[81] Op hierdie versoek het generaal French ge-

antwoord/........

78). Leyds-Archief: 717: 19/2/1900. (Telegram van Staatspres. Bloemfontein aan Staatspres. Pretoria bevattende telegram van genl. De Wet.) (Gedurende die jare van navorsing het skrywer daarin geslaag om 'n aantal oorspronklike telegramme en briewe op te spoor. Hierdie dokumente wat i.v.m. genl. Cronje se loopbaan gedurende die Tweede Vryheidsoorlog versamel is, is in 'n plakboek gerangskik en van 1 tot 67 genommer. Dit begin by 17/11/1899 en loop dwarsdeur tot 10 Maart 1900. In die vervolg word daarna verwys as: EIE-VERSAMELING en die bladsy word gegee.

79). Hy het van Colenso gekom om Cronje te probeer bevry.

80). Dagboek van Schalk Burger in Preller- Versameling Bundel.20; Preller-Vers. Bundel.23 en 18. Kol. W.H.H. Waters, bls. 263.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

antwoord dat hy die versoek na die Britse opperbevelhebber deurgestuur het. Sodra hy antwoord ontvang, sou hy met Cronje in verbinding tree en hom die uitslag bekendmaak. Intussen sou hy nie die Boerelaer aanval nie. Hy raai Cronje aan om onvoorwaardelik oor te gee omdat hy heeltemal omring is en geen kans gehad het om te ontsnap nie.[82)]

Teen die middag het Roberts en sy staf aangekom en dadelik die wapenstilstand afgekeur, omdat hy dit as 'n plan van Cronje om op versterking te wag, beskou het. Hy het Cronje 'n skrywe gestuur waarin die wapenstilstand afgekeur en 'n onvoorwaardelike oorgawe van hom geëis is.[83)]

Om eenuur die middag het Cronje geantwoord dat hy nooit solank as hy leef, sou oorgee nie. As Roberts so ongenadig is om nie aan sy versoek gehoor te gee nie, kon hy maar onmiddellik met sy bombardement begin. Dit het hy ook gedoen sodat die geveg opnuut ontbrand het.[84)]

---

82). Preller-Versameling. Bundel 20 (Dagboek van Schalk Burger, bls. 47); Preller-Vers. Bundel 23. (Slag van Paardeberg); Preller-Vers. Bundel 18. (Brief van krygsgevangene); L.S.Amery, Vol.111, bls. 453 en Kol. W.H.H.Waters, bls. 263.

83). Preller-Versameling. Bundel 18. (Ibid.) Kol. W.H.H.Waters, bls 263 en L.S.Amery, Vol. 111,bls.454

84). Herinneringen, 15 Oktober 1913; L.S.Amery, Vol.111,bls. 454 en Dr. Van Everdingen, bls. 281.

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA